New Orleans Sekondêre Skool

STIGTINGSDATUM: 1984
LEUSE: STUDIUM ET LABOR (STUDEER EN WERK)
ADRES: SUIKERBOSLAAN, NEW ORLEANS, PAARL

FNB

Skoolgeskiedenis

New Orleans is 'n buurt ten ooste van die Paarl. Dit grens aan 'n nywerheidsgebied – nie dat die Paarl oor 'n groot nywerheidsektor beskik nie. Dit is 'n betreklik klein dorp wat hom meer tot landbou as vervaardiging leen.

Die Paarl is in 1657 deur Abraham Gabbema gestig – net vyf jaar nadat Nederland 'n nedersetting aan die Kaap gevestig het. Dis die oudste dorp in die land na Stellenbosch en Kaapstad, alhoewel Swellendam met jou gaan stry.
Die Paarl het die langste hoofstraat van alle dorpe in die suidelike halfrond. Die bekorende straat leen hom tot verskeie voorbeelde van die Kaaps-Hollandse argitektuur. Op plekke strek die wingerde tot reg by die straat. Die Paarl is ook die tuiste van die KWV (Ko-operatiewe Wijnbouwers Vereeniging van Zuid-Afrika), die grootste wynkoöperasie ter wêreld. Die strewe na Afrikaans as amptelike taal het ook in die Paarl begin. Op Paarl-berg staan daar vandag 'n Taalmonument. Die Paarl en wyn is sinoniem. Die KWV is in 'n sekere sin die spil waarom die land se wynbedryf draai. Die Hugenote, wat voor godsdienstige vervolging uit Frankryk uitgevlug het, het die wynkultuur na Suid-Afrika gebring. Net 176 het in 1688 hier aangekom, maar hul afstammelinge was talryk. Hulle het hulle in die omgewing van die Paarl en Franschoek gevestig en hul plase Franse name gegee: La Motte, L'Ormarins, Dieu Donne, Mouton-Excelsior, Haute Provence, Laborie, La Concorde en New Orleans. New Orleans het niks te te doen met die Suide van Amerika nie, maar eerder met Jeanne d'Arc se tuisdorp in Frankryk.

New Orleans Sekondêre Skool is in 1984 gestig as 'n gemengde skool met 1500 leerlinge en 60 personeellede
Die skool het op talle sportterreine, met inbegrip van rugby, uitgeblink. Waylain September en Godfrey Stevens was SA o.19 krieketspelers, Shenette Martin het Suid-Afrika in tafeltennis verteenwoordig, Shirlyn Smith en Shenay Barends het vir Suid-Afrika o.19's hokkie gespeel en Sheila Panyeka het SA kleure in karate verwerf. Daarby sal Aden Demas as lid van 'n SA tennisspan na Australië toer. En Hilton Lobberts blink uit in rugby.

New Orleans Rugby

Paarliete hou van hul rugby, en die skool het die sport van sy stigting gespeel. Die meeste teenstanders kom van die Paarl —Paulus Joubert, Charleston Hill, Noorder-Paarl en, bowenal, Klein Nederburg.

New Orleans en Klein Nederburg het in 1987 vir die eerste keer op 1ste span vlak teen mekaar te staan gekom. Die derby ook een van die Paarl se belangrikste sportgeleenthede geword, en Eerste Nasionale Bank het die okkasie in 2002 geborg. Behalwe in 1997 en 2002, het New Orleans al die kragmetings gewen.

Twee uitstaande produkte van New Orleans is Danwell Demas, die ratse Springbok-sewespeler wat vir die Bulls speel, en die lang flank Hilton Lobberts wat in 2003 vir die SA Akademie-span gespeel het, asook in 2004 vir die SA o.19-span by die Wêreldkampioenskapstoernooi en vir SA Skole

Internasionaal

Suid-Afrika:
Hilton Lobberts

Miss NOSS